

# Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters



Uitgawe 4

Augustus 2011



## Inhoud

### Artikels

|   |   |
|---|---|
| Ons gesels met: Quinne Brown Huffman .....    | 3 |
| Wanneer jou kind bang is .....                | 4 |
| Rubriek: Die granny in die granny flat .....  | 5 |
| Rubriek: Ons plus twee .....                  | 6 |
| Kleuter Kletsies: Fynmotoriese oefening ..... | 6 |
| Ontmoet vir Lolloos! .....                    | 7 |
| Lekkerbekkie lesers kuier op Facebook .....   | 7 |

### Vir die kleingood

|   |   |
|---|---|
| Storie: Lekkerbekkie se nuwe skoene ..... | 1 |
| Inkleurprentjie .....                     | 2 |
| Aktiwiteit .....                          | 8 |

### Bak en brou

|                                     |   |
|-------------------------------------|---|
| Kosresep: Sjokolade Muise .....     | 5 |
| Kleuter Kletsies: Gloop resep ..... | 6 |

### Gratis

|   |   |
|---|---|
| Rekenaarspeletjie .....                     | 2 |
| Luisterstorie vir kinders .....             | 8 |
| Romatiese luisterstorie vir die mamas ..... | 8 |

### Kompetisie

|                           |   |
|---------------------------|---|
| Wen 'n Lolloos! DVD ..... | 9 |
|---------------------------|---|

|                          |   |
|--------------------------|---|
| Kontakbesonderhede ..... | 9 |
|--------------------------|---|

Foto: www.rindaphotography.co.za | Modelle: Ben & Alex van der Westhuizen

## Hierdie is sowaar al die vierde uitgawe van Lekkerbekkie!

En dis propvol heerlike verrassings...

Die afgelope vier maande het hierdie tydskrifte behoortlik onder ons hande uit gegroei, en het dit alreeds verder gereis as wat ons in ons wildste drome kon dink! Ek hoop dat ons elke maand net meer en meer waarde tot hierdie leesstof sal kan toevoeg, en dat ons lesertal sal aanhou verdubbel! *Lekkerbekkie* doen sowaar sy naam gestand.

In hierdie Augustus-uitgawe is 'n hele paar verrassings! *LOLLOS!* gee hierdie maand aan vyf *Lekkerbekkie*-lesers die kans om 'n *Lolloos*-DVD te wen – sien artikel op bl.6. Ons gesels in 'n eksklusiewe onderhoud met aktrise Quinne Brown in Californië oor haar nuutste rol as ma van klein Charlotte wat in April vanjaar gebore is – bl.3. Die resep vir Sjokolade Muise op bl.5 het ek self uitgetoets, en ons gee twee gratis *LUISTERSTORIES* weg vir al ons lesers – 'n kinderstorie vir die kleingood, en 'n lekker romatiese storie vir die mamas – bl.8. Boonop is hierdie uitgawe van *Lekkerbekkie* 'n volle twee bladsye dikker as gewoonlik!

PS. As jy nog nie jou kopie van ons splinternuwe *Lekkerbekkie*-DVD bestel het nie, loer gerus na die besonderhede op bladsy 9 – dis heerlike vermaak vir kinders 2-5 jaar, wat 65min vrede vir die mamas beteken!

Groete uit die kantoor  
Anna Emm

**Wen 'n Lolloos DVD!**

bl. 8

Ons gesels met aktrise **Quinne Brown** oor ma-wees!  
bl. 4

Net oor jy nie meer in Suid-Afrika woon nie  
beteken dit nie jou kind kan nie meer Afrikaanse stories luister nie!

Kies van meer as 300 Afrikaanse luisterstories vir kinders,  
en laai dit af as mp3's vanaf enige plek in die wêreld!

[www.RedHatter.co.za](http://www.RedHatter.co.za)

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

## Lekkerbekkie se nuwe skoene

Lekkerbekkie Muis het nuwe skoene gekry! Die skoene is baie nuut en baie mooi en baie blink. Lekkerbekkie is sommer baie trots op sy nuwe skoene. Hy trek dit aan sy voetjies, en besluit om met sy nuwe skoene deur die bos te gaan stap.



'n Entjie af in die paadjie kry Lekkerbekkie vir Oupa Uil op die tak van 'n boom. "Goeie môre, Oupa Uil!" groet Lekkerbekkie Muis. "Het jy my nuwe skoene gesien?"

"Ek kan nie nou oor jou skoene gesels nie," sug Oupa Uil. "Hier is iets in die bos wat so tjiep-tjiep, sjiep-sjiep maak, en ek moet uitvind wat dit is! Netnou is dit 'n slang wat ons almal wil vang!"

Lekkerbekkie Muis loer die kant toe en dan daardie kant toe. Maar hy sien nie 'n slang nie. Nou stap hy maar verder tot hy by die groot rivier kom. Op 'n plat klip sit Pieter die padda in die son.

"Goeie môre, Pieter Padda!" groet Lekkerbekkie. "Het jy my nuwe skoene gesien?"

"Ek kan nie nou na jou skoene kyk nie," sug Pieter Padda, "want ek is te bekommerd. Hier is iets langs die groot rivier wat so tjiep-tjiep, sjiep-sjiep maak, en ek is bang dis dalk 'n groot voël met 'n groot bek wat ons almal wil opeet!"

Lekkerbekkie Muis loer die kant toe en dan daardie kant toe. Hy sien nie 'n groot voël met 'n groot bek nie. Hy stap maar verder en sien 'n blommetjie wat langs die pad groei.

"Hallo, Blommetjie!" groet Lekkerbekkie Muis.

"Hallo, Lekkerbekkie Muis," groet die blommetjie. "Weet jy nie dalk wat dit is wat so tjiep-tjiep, sjiep-sjiep in die paadjie maak nie? Ek is bang dis groot skoene wat trap-trap en my gaan plat trap!"

Lekkerbekkie Muis kyk die kant toe en dan daardie kant toe. Maar hy sien nie groot skoene wat trap nie. Hy sien net sy eie nuwe skoene wat blink van die mooi. Hy trap-trap, en sy nuwe skoene maak tjiep-tjiep, sjiep-sjiep in die paadjie.


"Haai, Lekkerbekkie!" roep die blommetjie. "Dis mos JOU skoene wat so tjiep-tjiep, sjiep-sjiep maak in die paadjie!"

"Dis nie 'n slang wat ons wil vang nie," lag Oupa Uil. "Dis Lekkerbekkie Muis se nuwe skoene!"

"Dis nie 'n groot voël wat ons wil eet nie," lag Pieter Padda. "Dis al die tyd Lekkerbekkie Muis se nuwe skoene!"

Nou kyk almal na Lekkerbekkie Muis se nuwe skoene. Hy lig eers die een voet en dan die ander. Almal kan mooi sien hoe blink die nuwe skoene. Almal kan sien hoe mooi dit is! Almal is nou baie bly dat Lekkerbekkie Muis nuwe skoene gekry het, en Lekkerbekkie Muis is sommer baie trots!

**Die Einde.**



*Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (5 maande).  
[www.annaemm.co.za](http://www.annaemm.co.za)*



**GRATIS**  
**Rekenaarspeletjie!**



**VOER DIE DIERE**



**Klik hier om te speel**

**Storieklub 1**



**Kleur in en WEN!!!**

Stuur jou inkleurprentjie met jou naam, jou ouderdom, jou mamma se naam en selfoonnommer na:

**Lekkerbekkie**  
**Posbus 16 45**  
**Panorama 7506**

en jy kan 'n storie-CD uit die **STORIEKLUB** wen!



**BOEKIE KLUB**

**0860 786 743**

Kry die **NUUTSTE** top Afrikaanse storieboekies en ons eie Bertus Beer reeks aktiwiteitsboekies!

**SLEGS R50pm**

**SLUIT AAN**



## Quinne Brown Huffman... oor ma-wees

*Quinne Brown Huffman (32) en haar man, Ryan, woon deesdae in Carlsbad, California. Hulle eersteling, Charlotte Quinta Huffman, is op 4 April vanjaar gebore. Anna Emm het met haar gesels om uit te vind hoe die nuwe rol van "ma-wees" haar lewe verander het:*

### Hoe pas jy aan by ma-wees?

Ma-wees is 'n baie "humbling experience". Die oorgang het sy uitdagings – dis verseker. Vir my was dit 'n loopbaanverandering – ma-wees is my eerste ware voltydse werk! Perde oppas en *7de Laan* was die naaste aan 'n voltydse werk, en dit was niks in vergelyking nie. Die grootste aanpassing is seker die verantwoordelikheid, om nie oorboord te gaan daarmee nie. Soms voel dit asof ek in 'n spieël na onstwee kyk en net vir haar raaksien, so om steeds myself ook raak te sien is 'n uitdaging! As ek mooi na myself kyk sal ek mos ook 'n beter ma vir haar wees, maar dis makliker gesê as gedaan. Die ure vlieg verby terwyl ek net na haar staar!

Ons het baie hulp gehad met die oorgang. Ryan se familie is naby en het gehelp met die trek. My ma was hier vir die laaste twee weke van my swangerskap en kon vir meer as 'n maand na die geboorte help met Charlotte. Dit was onvergeetlike en spesiale tye! Die geboorte self was een van die ingewikkeldste en wonderlikste ervarings van my lewe.

### Is julle al in 'n vaste roetine?

Genade, dis vir jou 'n ding! Ek het maar van die begin af Charlotte se "ques" gevolg. Ons het 'n los roetine wat verander soos die dae en prioriteite verander. Ek dink dis moeilik om in die eerste 3 maande al 'n roetine te forseer. Sy groei so vinnig en ek fokus so op haar behoeftes. Deesdae het ons 'n redelike konstante "nap" skedule en sy drink omtrent elke 4 ure – afhange van waar ons ons bevind! Soms wil sy net "snack" of soek sy net die koesterende gevoel van borsvoeding, soos na haar inentings, of toe ons die eerste keer gaan kamp het.

### Watter nuwe gewaarwordinge het jy oor jouself gehad nadat jy ma geword het?

Dis nie so maklik om in woorde te beskryf nie. Ek voel of ek vir die eerste keer met oorgawe gearriveer het in die wêreld! Charlotte se groot bruin oë mis niks. Sy laat my oor baie dinge twee keer dink! Ek is verbaas oor die hoeveelheid energie wat ek het, oor die tye wat instink net oorneem en ek haar behoeftes verstaan sonder woorde. Die intiemheid tussen ons slaan my asem weg.

**En jou man?** Hy geniet elke oomblik en neembaie deel. Hy is net verstom oor hoe vinnig die tyd verbygaan. Hy het al in die hospitaal sy eerste doek omgeruil en baie kalm gebly terwyl Charlotte op hom geskree het! Ons leer mos maar almal so saam-saam hoe om ouers te wees.

### Wat wens jy vir Charlotte?

Aanvaarding, liefde, dat sy



haarsel sal kan uitleef en met waarheid deur die lewe sal loop. Dis heerlik om haar elke dag beter te leer ken. Dis asof sy presies weet hoekom sy hier is! Dis 'n voorreg om haar lewe so "close-up" te kan waarneem en deel daarvan te kan wees.

### Watter deel van grootword in Suid-Afrika sou jy graag vir haar wou gee?

Die spasie en die mense. Ek het met soveel vryheid en liefde grootgeword, met soveel verskillende soorte mense en kulture en tale rondom my. Ek hoop dat sy die landskap en die Afrika

van my hart ook sal ken.

### Waarmee is jy op die oomblik besig, of is jou loopbaan vir eers bietjie "op die ys"?

My loopbaan as aktrise loop sy pad, maar kry nie die hoeveelheid aandag wat ek die afgelope 5 jaar daaraan gegee het nie. Ek is op 'n ontdekkingsreis, en is reg vir wat volgende kom. Solank dit my toelaat om ma te wees is ek reg vir enigiets!

\*

\*\* Lees die storie van Charlotte se geboorte op Quinne se blog by [www.quinne-justsaying.blogspot.com](http://www.quinne-justsaying.blogspot.com)



www.grootwoord kinderspeletjies is

## Ontwikkelings- en stimuleringsklasse vir mamma en baba (3 mnde - 3 jr)

Veilige sosialisering • Fyn en groot motoriese aktiwiteite • Taalontwikkeling  
Kuns en mors aktiwiteite • Musiek en beweging • Leer speel-speel

GAUTENG CENTURION Helet: 083 263 8426 QUEENSWOOD/MOOT Corné: 082 875 5485 FAERIE GLEN Marina: 082 337 8668 GARSFONTEIN Maryna: 082 712 0293  
MOOKILOOF AREA Stephanie: 072 203 4951 MORELETAPARK Diana: 082 370 5756 SILVER LAKES Rhona: 082 718 2399 WAPADRAND (Afr&Eng) Kika: 072 899 4311  
RODEPOORT Sonné: 083 215 6997 BRYANSTON/SANDTON/RANDBURG (Afr&Eng) Madelein: 083 256 1942 KAAP BOLAND Ilze: 082 352 2855  
DURBANVILLE Azel: 082 785 0569 PAARL Alet: 084 663 1565 STELLENBOSCH Juanita: 082 564 6139 WESKUS Geraldine: 076 158 2903 UPINGTON Renate: 082 822 9861

Franchise navrae: Anelia 082 214 1987 [www.pienkvoetpret.co.za](http://www.pienkvoetpret.co.za)



babas met spesiale behoeftes welkom

## Wanneer jou kind bang is...



Elke mens het nodig om die oorkoming van sy vrees een of ander tyd te ervaar, sodat hy 'n normale volwassene kan word. Elke keer wanneer 'n kind 'n vrees in sy lewe oorkom, kry hy meer selfvertroue in sy vermoë om die lewe aan te pak. Heel klein kindertjies se vrese draai gewoonlik rondom hulle verhouding met hulle ouers, en om alleen gelos te wees, terwyl kinders tussen 3 en 4 weer gewoonlik vir diere, die donker en monsters bang is. Kinders van hierdie ouderdom kan nog nie onderskei tussen die werklikheid en fantasie nie. Hulle dink wanneer hulle iets ge-droom het, dat dit werklik gebeur het.

Dis is ook dan die ouderdom waarin nagmerries algemeen is. Gewoonlik is daar 'n drastiese afname in vrees. Rondom 6 en 7 jaar is kinders gewoonlik weer bang vir dinge wat hulle op televisie sien, of dat hulle nie goed genoeg sal wees nie. Dis belangrik om nooit kinders te dwing om hulle vrese te "face" nie – behalwe wanneer hulle dit self graag wil doen. Meeste van hierdie normale vrese gaan vanself verby binne enkele maande. Wanneer jy vooruit weet dat daar 'n situasie gaan kom waarin jou dalk onseker mag voel, berei hom voor daarop, bv. deur die nuwe oppasser 'n paar keer oor te nooi voordat jy jou kind alleen by haar los. Trek jou kind se aandag af wanneer hy bang is, bv. deur op 'n lekker uitstappie te gaan net na 'n tandarts besoek. Onthou om te fokus op jou kind se emosie, en nie jou eie nie. Jy moet oplossings soek vir wat jou kind ervaar, en die vrese in SY gedagtes besweer. Logika werk nie altyd vir kinders se vrese nie! Moedig

jou kind aan om vrae te vra oor die dinge waarvoor hy bang is. Hou sy spel en tekening dop vir tekens van moontlike vrese, en gebruik dan daardie situasie as 'n geleentheid om op 'n gemaklike manier met hom daarvoor te gesels. Gesels op jou kind se vlak, en moenie te veel inligting en besonderhede gee nie. Begelei jou kind se gedagtes elke keer weg van die negatiewe aspekte van dinge, deur hulle te herinner aan die positiewe aspekte daarvan. Dit sal 'n gedagtepatroon by hulle ontwikkel wat hulle later vanself sal herhaal in situasies waar hulle bang is. Meeste kinders voel veiliger wanneer daar na hulle vrese geluister word, en wanneer hulle kan praat daarvoor. Dit is dikwels genoeg. Dit is opvallend dat dieselfde dinge vir sommige kinders skrikwekkend, en vir ander avontuurlik, en vir ander groot pret is. Dit bewys net weereens vir ons dat die ouers se hantering van situasies grotendeels gaan bepaal hoe die kind dit gaan ervaar en registreer.



Die storie van "Bang Bennie" help kinders wat sukkel met vrees.

## Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker, en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



[www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

# BYBEL BUDDIES

Lekkerluisterstories op CD uit die Ou en Nuwe Testament!



### CD 1

Adam en Eva  
Kain en Abel  
Noag se ark  
Abraham se seun  
'n Vrou vir Isak  
Jakob en Esau

### CD 2

Josef en sy broers  
Moses in die mandjie  
Die tien plaë  
Die Israëliete in die woestyn  
Die Israëliete in die woestyn 2  
Jericho se mure

### CD 3

Simson  
Rut  
Sameul die profeet  
Dawid en Goliat  
Dawid word Koning  
Koning Salomo

### CD 4

Job  
Jona  
Daniël in die leeu kuil  
Daniël se vriende  
Johannes die doper  
Jesus se geboorte

### CD 5

Jesus se kinderjare  
Jesus in die woestyn  
Water word wyn  
Wonderwerke van Jesus  
Wonderwerke van Jesus (2)  
Gelykenisse van Jesus

### CD 6

Lasarus  
Saggeus  
Jesus se dood  
Jesus se opstanding  
Die Heilige Gees  
Paulus

R90 per CD of  
R450 vir die stel van 6  
(R20 posgeld op bestellings onder R300)



Bestel by [lekerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekerbekkie@annaemm.co.za)

## Die granny in die granny flat



### Ouma se bril

Toe ek Sebastian vanoggend vasgespe in die karstoeltjie, roep hy uit: "Ouma, jy sal vandag niks kan sien nie! Jy het nie jou bril op nie!" Nou ja, almal weet teen dié

tyd my lewe in die *granny flat* is chaos, maar so erg dat ek selfs nie agterkom ek sien nie goed nie? Dit gebeur dikwels dat ek nie kans kry om oorbelle aan te sit nie. En die kuns van lipstiffie aansmeer terwyl ek wag vir die verkeerslig om groen te word, het ek lankal bemeester. Maar my bril vergeet? Wat nou nog!

Ek draf toe maar weer oor die nat gras (versigtig om die honde se "ablusies" te vermy) terug, sluit die traliehek oop en begin soek waar ek die bril kon gelos het – onder die bondels kleres op die bed, in die badkamer tussen die drie tandeborsels waarmee ek en die

filistyntjies ons tande geborsel het, of tussen die krummels van die *tousbroodjies* op die kombuistafel.

Later, met die bril op my neus en die storie op die CD in die motor (Prins Dirkie en Annabel soekend na die Groot Gevaar in die bos) in my ore, ry ek en seuntjie saggies oor die wolke en draai regs by die kerk en links by die stop oppad kleuterskool toe. Nog 'n oggend-chaos is oorleef en nog 'n dag lê voor. My dronk kop bedaar geleidelik, en toe ek die gespe by die kleuterskool losmaak dat Sebastian kan uitklim, is ek net ligtelik omgekrap oor die "ablusie"-merke wat sy skoentjies

op die mat van my motor gemaak het. Ek is maar te dankbaar vir klein ogies wat niks mis nie, vir sagte wolkies wat vere onder ons wiele is, en vir stories wat my nooit laat vergeet wat dit is om kind te wees nie.

En omdat ek kan sien en kan hoor en... (toe ek verder ry kantoortoe, sit die nat soentjie nog op my wang) kan voel.

\*

*Marianne Strydom woon in 'n granny flat by haar kinders in Durbanville. Sy is 'n vryskut taalpraktisyn en ouma van vyf kleinkinders.*

## Resep



RESEP:

## SJOKOLADE MUISE



### Sjokolade Muise

Hierdie resep werk veral goed vir kinderpartytjies en koektafels by die kermis. Waarskuwing: nie vir mammas wat maklik gil nie!

#### Bestanddele:

- \* 1 blok donker sjokolade in stukkie gebreek
- \* 4 eetlepels suurroom
- \* 125g (1¼ koppie) koekiekrummels (sjokolade soort)
- \* versiersuiker / Milopoeier

- \* silwer balletjies versiering
- \* amandelneut vlokkies
- \* rooi of swart licorice

#### Metode:

- \* Smelt die sjokolade oor 'n pot kookwater op die stoof.
- \* Meng die suurroom by die sjokolade.
- \* Roer koekiekrummels by.
- \* Bêre in die yskas tot dit afgekoel het.
- \* Rol eetlepels porsies in balletjies, en maak 'n skerp

punt aan die een kant vir die neusie.

- \* Rol die deeg in versiersuiker vir wit muise, en in Milo poeier vir bruin muise.
- \* Sit twee silwer balletjies aan elke stukkie deeg vir ogies.
- \* Sit twee amandelneut vlokkies aan die deeg vir oortjies en 'n dun repie licorice vir die stert.
- \* Bêre in die yskas vir ten minste 2 ure tot dit ferm is.



Thomas Tandemuis skryf aan klein mensies!  
Hy leer hul speel-speel oor tandversorging, vertel wat hy met al die tandjies doen EN stuur 'n oulike geskenkie saam!  
Gr0000000000000000 pret!

[www.thomastoothmouse.co.za](http://www.thomastoothmouse.co.za)

Spesiaal vir Lekkerbekkie lesers:  
Thomas bederf Lekkerbekkie-lesers met iets ekstra in hul 1ste pakkie (inskrywings vir 4 kwartale)



Beoek nou en kry 10% af op 'n mobiele prys

Wil jy bederf word terwyl jy steeds 'n ogie kan hou oor jou kleinding? Of dalk sien jy nie kans om uit te gaan na 'n salon voor die koms van die nuwe baba nie?

Besoek [www.style4life.co.za](http://www.style4life.co.za) en klik op "packages for moms", of kontak Hannelie by 082 801 3234 of [vaneedenh@telkomsa.net](mailto:vaneedenh@telkomsa.net) / Chantelle by 079 971 1007

## Ons plus twee



### “Self skoon ‘emaak”

Elke ma weet wanneer daar skielik stilte oor die huis daal dat daar iewers fout is. Waarskynlik groot fout. ‘n Stil kind is immers nege uit die tien keer besig met kattekwaad. ‘n Baba kan immers skaars kruip of hy weet klaar dat daar tye is wat jy liefste nie ‘n geluid moet maak nie.

Ons almal het al ons eie weergawe gehad van klapper-engeltjies op die eetkamer vloer. Of ‘n kombuis wat omskep is in ‘n versiersuiker-winterlandskap. Of die pophuis wat afgewit is met boudsalf.

Daar is egter ook tye wat dit juis die gebrek aan stilte is wat jou nekhare laat rys. Dit is nou wanneer jy 10 uur in die aand in die gang af stap, salig onder die indruk dat die kinders rustig slaap, en verdagte geluide uit jou 2 jarige se kamer opklink. Jy loer behoedsaam by die deur in en daar sit sy ewe selfvoldaan. “Self skoon ‘emaak”.

In ‘n oogwink sien jy die hele pak baba “wipes” gestrooi oor die vloer. Haar broek wat onderste bo aan is. En ‘n doek wat in

die hoek lê... Die wete sink in dat net voor slaapyd haar gewone vuil-doek-tyd is. Daarby was daar nog nie vanaand een nie.

Die blote gedagte aan wat verder vir jou wag boesem vrees in. By nadere ondersoek is die juffrou egter doekloos, maar skoon. Die doek is ook net nat. Jy blaas stadig jou asem uit. Die verligting is groot dat daar dié keer niks is om skoon te maak nie.

Dankbaar bêre jy die “wipes”. En jy maak ‘n skietgebedjie dat daar asseblief, groot asseblief nie ‘n volgende keer met meer smerige, welriekende geolgeve sal wees nie.

NS. En skaars ‘n week later word jou hoop beskaam wanneer

twee kaal boudjies in die gang afgehardloop kom.

Die keer besef jy met die eerste snuif en kyk dat jy minder gelukkig was. Die vuil doek lê en loer vir jou op die mat, dié is besmeer, saam met jou pop se klere, en haar gunsteling pienk sagte hasie sal nooit weer dieselfde ruik nie. Die vraag is nou net: Het die juffrou nou die les geleer dat sy nie self haar doek kan skoon maak nie?

\*

*Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.*

## Kleuter Kletsies deur Tiana Burger

tiana@little1.co.za

### Oefen Fynmotories



- Plaas pegs in peg board
- Sorteër hulle bo-op mekaar volgens kleure.
- Gebruik ook as tel-oefening.
- Pak ‘n patroon bv rooi, geel, groen, blou, oranje en laat jou kind dit dupliseer.

(Peg boards kom in verskillende groottes vir verskillende ouderdomsgroepe.)

### Gloop Resep



- 1 kop koue water
- 2 kop mielieblom
- Voedselkleursel

Meng koue water met mielieblom in ‘n bak. Roer totdat die water geabsorbeer is deur die mielieblom. Gooi ‘n druppel voedselkleursel of blinkers in! 100% pret gewaarborg!

## Wat is Fynmotoriese vaardighede?

Fynmotoriese vaardighede behels die gebruik van die klein spiere in die handjies en vingertjies, bv die spiere wat gebruik word om te verf, te teken of met ‘n skêr te knip. Fynmotoriese vaardighede ontwikkel stadiger as grootmotoriese vaardighede (die sterkter spiere wat bv gebruik word vir koördinasie en balans van die liggaam). Op 3-jarige ouderdom sukkel kleuters nog om knope en veters vas te maak. Teen 4-jaar kan die meeste kleuters al lyne en sirkels trek en selfs eenvoudige “prentjies” teken. Die meeste 5-jariges kan al figure uitknip met ‘n skêr, knope en ritsluiters vasmaak, en met ‘n vurk of lepel eet. Die toenemende koördinasie van die klein spiere en handvaardighede stel kleuters ook in staat om eenvoudige musiek-instrumente te kan speel, meer akkuraat te teken en uiteindelik te begin skryf.

(Steinberg & Meyer, 1995)

**Tinka's Kids**  
Lappoppe & Babygrows  
Elke item uniek, handgemaak en geappliek  
022 485 7102 • 082 8999 600  
verena@tinkaskids.co.za  
www.tinkaskids.co.za

Karen Bergh Photography  
karen@karenbergh.co.za 083 270 5513  
**Fun in the Studio**  
Promosie  
Gesinsfoto's  
Babafoto's  
Kinderfoto's  
slegs R1200,00  
Gratis A3 Canvas

**Sweet Expectations**  
Any Cakes and Cupcakes for any special occasion  
Christine 084 455 6456  
christine@andrebergh.co.za

**minky**  
Fleece kussings  
30 x 30 cm  
**R195** elk  
6 ontwerpe beskikbaar  
For pre-orders contact sales@minky.co.za

## Ontmoet vir Lolloos!

Lolloos het bietjie meer as 3 jaar terug ontstaan toe Alta Joubert en Minki Burger besluit het daar is nie genoeg funky vermaak vir Afrikaanse kinders nie. Hul het die vriendelike groen en blou karakter geskep en van daar het dit behoorlik vlam gevat!

Alta en Minki het saam drama geswot op Stellenbosch en hulle is groot vriendinne. Hulle het al saam opgetree in ander produksies, en toe hulle albei ma's geraak het, het hulle besluit om iets fantasties vir hulle (en ander) kinders in Afrikaans te doen.

Lolloos kom van die planeet Lalaland en hy kan net aarde toe vlieg as mensekinders lag. Dan kom kuier hy by Alta, Minki en al die maatjies. Sy groot liefde is om te sing en dans. En dit is juis wat Lolloos so uniek maak: dit vermaak kinders, maar gedurende die vrolike liedjies dans almal te lekker en word so sommer ook fiks! Daar word ook altyd iets geleer: die ABC, tel, dae van die week, ens.

Die CD *Lolloos 3: Boem Boem ons gaan groen* is in April uitgereik, en hier leer Lolloos, Alta, en Minki 'n nuwe karakter, Disco, ken. Saam met Lettie, die herwin-koningin, leer hulle die maatjies om nie rommel

te strooi nie, nie water en elektrisiteit te mors nie en om ons aarde mooi op te pas.

Die derde DVD met dieselfde titel word in Oktober uitgereik. Nianell en Robbie Wessels is ook gaskunstenaars op hierdie DVD! Nianell het vir Lolloos gekontak en gevra of sy betrokke kan raak aangesien haar drieling absoluut gek is oor Lolloos! Sy het 'n pragtige wiegeliedjie "Mamma's lief vir jou" geskryf, en dit is beslis een van die mooiste liedjies op die DVD!

*Lolloos 2: Bons dat dit Gons!* het in 2011 die SAMA gewen vir die beste Afrikaanse kinder-CD. Die DVD het goue status bereik in net bietjie meer as 2 maande!

*Lolloos* is vir die Huisgenoot Tempo's benoem vir die beste kinder-CD (*Lolloos 3*) en DVD van die jaar (*Lolloos 2*).

Behalwe die CDs, DVDs en optredes wat Lolloos regoor die land doen, is daar al heelwat ander produkte onder die Lolloos naam uitgereik, bv. T-hemde, 'n sagte Lolloos speelring en 'n Lolloos boek: *Lolloos se vlerke*. Die Lettie sagte speelring sal ook in Oktober haar verskyning maak!

[www.lolloos.co.za](http://www.lolloos.co.za)



Vyf gelukkige *Lekkerbekkie*-lesers kan elk 'n Lolloos DVD (*Lolloos 2: Bons dat dit Gons!*) wen! Sien bladsy 9 vir besonderhede.

## Ons Lekkerbekkie-lesers kuier op Facebook



Deon Louw en sy dogtertjie, Emily, deel 'n pienk melkskommel. Dit lyk darem baie lekker!

"Mia was 2 toe sy eendag by Ouma kuier terwyl die buurman gras sny. Sy vra toe wie raas so en my ma sê dis die buurman. Later sê sy 'Ouma daai wynman raas darem vreeslik'" - Marina Nolte

"Ek wys vir Sebastian 'n boom wat nog al sy blare het. "Dis 'n party boom", sê hy, "Ouma sê party bome verloor nie hulle blare nie." - Helena van den Berg

"Me: "Callum, let's be sure to read a story tonight before bed.." Callum: "Mom, I told you last night I don't want a bedtime story.. Capiche?" - who knew I am mother to a member of the mob?" - Michelle Stoltz

"Ellard (4) is hard aan die Engels leer en meng die tale vreeslik tot sy pa se onsteltenis. Hy haak so ewe af na pappa wou weet wat "huge" moet beteken: "Huge is Afrikaans vir baie groot". - L. Rademeyer

Ouma, Rensche van der Vyver, en kleinseun, Jaco, voer die eendjies by Sonstraaldam. Lyk of hulle dit vreeslik geniet!



"Your parenting partner from pregnancy to pre-school"

- Opvoedkundige Speelgoed
- Afrikaanse Boekies
- Eksklusiewe baba en kleuter produkte

[www.babiesonline.co.za](http://www.babiesonline.co.za)

# Storieklub

kry 'n nuwe baadjie!




**Nou 4 lekkerluisterstories op EEN CD - elke maand!**

Sluit aan by ons gewilde STORIEKLUB en ontvang 'n nuwe CD met 4 luisterstories op elke maand in die pos!

Die stories is kindervriendelik en verbeeldingryk. Geskik vir kinders 3-9 jaar. 60 min se stories elke maand!

- \* **GEEN langtermynverpligtinge nie - minimum lidmaatskapperiode slegs 3 maande!**
- \* **GEEN maandelikse rekeninge nie - betaal met gerieflike debietorders elke maand!**
- \* **GEEN "hidden costs" nie - R99 per maand sluit posgeld, verpakking en BTW in!**

## Storieklub

Ontvang jou eerste CD reeds einde van die maand!  
Voltooi net die vorm en faks na 021 558 0234. [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

### Storieklub-vorm Voltooi en faks na 021 558 0234

**Persoonlike Besonderhede**

Rekeninghouer: \_\_\_\_\_

Posadres: \_\_\_\_\_

Huis nr: \_\_\_\_\_ Sel: \_\_\_\_\_

Epos: \_\_\_\_\_

Stuur asb my CDs met:

- Gewone pos (GRATIS) Totaal = R99.00       Met verwysingsnommer (R16.00) Totaal = R115.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: \_\_\_\_\_ Tak: \_\_\_\_\_

Takkode: \_\_\_\_\_ Rek.tipe: \_\_\_\_\_

Naamhouer van rekening: \_\_\_\_\_

Rekeningnommer: \_\_\_\_\_

I hereby authorize your agent MyGate Communications (Pty) Ltd to debit my account on your behalf. This debit order agreement may be cancelled by giving 30 days written notice but I understand that any amounts withdrawn while this agreement was in force is owing. I hereby agree that the party hereby authorized to debit my bank account may not cede or assign any of its rights and that I may not cede any of our obligations in terms of this debit order instruction to any third party without prior written consent of the authorized party.


- A. Ek verstaan dat ek vir 'n minimum van 3 maande moet lid bly van die STORIEKLUB.
- B. Ek verstaan dat ek 'n minimum van 1 maand skriftelike kennis kan gee indien ek my lidmaatskap wil end.


\_\_\_\_\_

Handtekening / Signature

\_\_\_\_\_


Datum / Date





## Speletjie

Help vir Lekkerbekkie Muis om by sy nuwe skoene uit te kom!



**GRATIS LUISTERSTORIE - NET VIR LEKKERBEKKIE LESERTJIES!!!**

**"Prins Thomas en die Sewe Slapies"**

1. Gaan na [www.redhatter.co.za](http://www.redhatter.co.za)
2. Login met die volgende details:  
(username = lekkerbekkie) (password = storie)
3. Regskliek op die link en laai die storie af!!!

**GRATIS LUISTER-ROMANSE - SPESIAAL VIR LEKKERBEKKIE MAMMAS!!!**

**"Francina and the Pilot"**

1. Gaan na [www.redhatter.co.za](http://www.redhatter.co.za)
2. Login met die volgende details:  
(username = lekkerbekkie) (password = romanse)

## 5 Gelukkige lesers kan elk 'n LOLLLOS DVD wen!



ure lank sal vermaak. Die DVD het goue status bereik in net bietjie meer as 2 maande!

**Hoe om te in te skryf:** Stuur net 'n epos na [info@lollos.co.za](mailto:info@lollos.co.za) met "LEKKERBEKKIE" in die *subject line*.

Die oulike span van *Lollos* gee hierdie maand 5 kopieë van die DVD "*Lollos 2: Bons dat dit Gons*" weg!

Slegs een inskrywing per persoon!  
Sluitingsdatum: 25 Augustus.

Die wenners sal in die volgende uitgawe van *Lekkerbekkie* bekend gemaak word.

Die DVD is propvol heerlike Afrikaanse liedjies wat kinders

## Julie se wenner



**VITA STORIES-kompetisie**

**Die 5-jarige Zia Engela van die Paarl is ons kompetisie-wenner vir Julie!**

Baie geluk, Zia.

Jy wen 'n volledige stel van 24 *VITA STORIES* storie-CD s



van *Anna Emm Productions* ter waarde R750!

Die stories op die CDs fokus op verskillende lewensvaardighede, en elke storie kom saam met 'n inkleurprentjie en ouer-handleiding. Lekker luister!

# Splinternuut op DVD!!!


## Die Avonture van Lekkerbekkie Muis

Agt opwindende stories op DVD oor Lekkerbekkie Muis en sy maats vir voorskoolse maatjies van 2-5 jaar!  
(65 min speelyd)

Bestel jou DVD by [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

### R149

(R20 posgeld op bestellings onder R300)



Kyk uit vir nog 2 Lekkerbekkie-DVDs later die jaar!



## Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

[lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

Kontakbesonderhede



**Lekkerbekkie is 'n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!**

As jy graag elke maand 'n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur 'n epos na [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za).

**Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?**

Stuur 'n epos na [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) met die woord "UNSUBSCRIBE" in die *subject line*.